Die manipulasie van geloof

Teks 1 Samuel 4: 1 - 11 en Sondag 35
Teksvers: 1 Samuel 4:11

1. Inleiding

Vandag in ons leerdiens fokus ons op hoë ons geloof kan manipuleer. Die blote gedagte, met respek gesê dat die mens God kan manipuleer is so Godslasterlik as wat dit klink. Tog gebeur dit byna daagliks rondom ons. Kom ek verduidelik. Die wêreld rondom ons het darem op ’n manier konsensus met die boodskap uit ons eerste preek vanoggend. Ons moet tot die Here bid om hulp.

Tog is die Here met respek gesê nie maar ’n geduldige dienskneg wat bloot ons wil doen nie. En dit is juis hier waar die kruks van hierdie preek lê. Es ek nie dalk besig om die Here te probeer manipuleer om maar net my wil te laat geskied nie. En ek weet dat Here in wil hê dat ons, ons behoeftes deur gebed aan Hom bekend maak. Dit is waar dat die Here altyd gebed verhoor.

Maar neem ons ooit die paar tree terug om te kyk waar ons vandaan kom. Of is ons baie keer besig om maar ’n klip in plaas van ’n brood van die Vader te vra. Dit bring ons vandag in 1 Samuel 4. Hier kry die volk ook baie swaar onder die Filistyne soos wat vers 9 dit duidelik maak aan ons. Maar staan die Here in hierdie situasie

Het die volk eintlik hulle eie plan wat die Here maar net moet bekragtig. Is die plan lankal gemaak en nou moet God maar net inval? Of is al die ander planne reeds uitgeput en nou is hierdie oplossing al wat oorbly. In al hierdie dinge gaan ons duidelik die rol van die verbond in geloofsbeoefening sien. Daaruit gaan ons ook leer hoe ons geloof vandag moet lyk. Sodat ons in hierdie moeilike tyd nie in ’n sisteem van eiewillige godsdiens verval nie.

2. ’n Gelukbringer

Wat doen die volk in die swaar tye wat hulle beleef in ons teksgedeelte. Ons kan dit opsom dat hulle die ark as ’n tipiese gelukbringer hanteer. Die plan is voor die handliggend vir gelowiges. Die heiligheid van die Here is so groot dat niemand in Sy teenwoordigheid kan bestaan nie. Veral dan mos nie ’n afgodsdienaar of bewerker van die bose nie. Dus het hierdie Filistyne mos nie ’n kans as die ark van die Here letterlik hier teenwoordig is op die oorlogsveld nie.

Hierdie plan word beraam nadat die volk alreeds op ’n keer deur die Fillistyne verslaan is. So in soveel die ark hier as ’n gelukbringer gebruik word, is dit ook die laaste uitweg vir hierdie mense. Hulle het as ’n ware al die ander moontlikhede reeds probeer. Nou gryp hulle na die Here. Is dit nie presies hoe geloof ook dikwels werk vandag nie.

Mense beraam self verskeie planne en idees. Hulle leef byna ’n atïestiese lewe ver van die kerk en die Here af. Maar dan wanneer dinge begin fout gaan, dan moet die gelukbringer gaan haal word. Skielik moet daar gebedskettings en alles gevorm word. Want met respek gesê die Here moet ons mos nou eenvoudig help.

Ons dink so maklik dat ons, ons geloof soos brandblusser of ’n spaarwiel iewers veilig diep in ’n kas kan bêre. Want die sal mos soos versekering daar wees as ons dit nodig het. Soos die volk geweet het die ark is veilig by Samuel hulle moet dit mos net gou gaan haal en na die oorlogsveld bring.

Maar eintlik is hulle besig om die Ware lewende God te hanteer soos ’n tipiese afgodsbeeld van die tyd. Wat gedra en gemanipuleer kan word om myself en my behoeftes te dien. Dit word egter nie toegelaat nie, en die uiteinde is ’n ramp.

3. Die verbond

Uit ons teksvers is daar al ’n openbaring van wat fout gaan. By die ark wat gebuit word vind ons vir Hofni en Pinehas. En ons weet uit die res van die Bybel dat hulle alles behalwe gehoorsame priesters was. Hierdie twee seuns van Eli het nie respek vir die Here gehad nie. Ons weet uit hulle optrede in 1 Samuel 2 dat hulle gebrek aan respek vir die Here oor stadig deurgespoel het na die mense toe.

En sien dit is die probleem. Geloof en Godsdiens gaan oor mense. Die Here het nie ’n verbond met die ark nie. Nee die ark is eintlik juis die simbool en teken van die Here se verbond met mense. Dit was die priesters se werk om die mense gereeld hieraan te herinner. Dit het hulle gedoen deur hulle te begelei in die bring van offers ens.

Maar in die Ou Testament verbreek die volk gereeld hierdie verbond met die Here. Hulle volg nie die bepalings van die Here na nie. Hulle weet soos ons goed wat die gebooie behels wat die Here aan Moses gegee het. Maar hier kies hulle om eerder die tweede gebod te verbreek. En die Here laat Hom nie maar bloot manipuleer nie. Soos ’n Simson met afgeskeerde hare word hulle wakker waar hulle verslaan word.

Geloof in die Here is ’n totale pakket. Die is glo en doen, dit is bid en werk. Dit is nie genoeg om maar bloot my naam af te tik in ’n gebedsketting nie. Ware geloof vra soveel meer. Om werklik vra en te kry net wat ons wil hê beteken ons moet die hele Johannes 15:7 lees en gehoorsaam: "[7]As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry."

4. Ons status voor die Here

Tog is dit nou maklik om te sê dat ons teksgedeelte iewers in die Ou Testament staan. Dit is waar, maar wat het dan verander na die nuwe Testament. Ons Here Jesus Christus die verlosser het gesterf vir ons sondes. Hy is die volmaakte offer wat gebring is vir al ons sondes. Maar tog het dit nie die verbond tot niet laat gaan nie. Nee dit het eerder die verbond vervul.

Daarom bestaan die verbond steeds. Die Here beloof steeds om vir ons God te wees en in ruil verwag Hy dat ons Sy bepalings gehoorsaam en onderhou. Ons was net soos die mense in die Ou Testament nie in staat om dit te doen nie. Daarom het Christus in ons plek volmaak al die bepalings van die Here volmaak kom onderhou. Daardeur is ons nou vrygekoop. Maar hierdie vryheid is nie maar bloot daar dat ons die bepalings van die Here verder kan verbreek nie. Nee, in dankbaarheid wil ons hierdie nuwe lewe tot eer en verheerliking van die Here leef.

Dit is duidelik ’n oortreding van die tweede gebod wanneer ek self kies waar en hoe ek die Here gaan aanbid. Wanneer ek eintlik maar meestal besig is met my eie dinge, maar wanneer daar ’n krisis is dan roep ek vinnig na die Here. Of nog erger wanneer ons die Here deur middel van ’n petisie met nommers wil manipuleer om bloot ons wil te verkry.

Miskien is hierdie tyd van isolasie juis ’n geleentheid waar ek weer ernstig na die wil van die Here kan soek. Waar ek die Woord intensief kan bestudeer en my kennis en vertroue weer op die vaste fondament van die Woord kan bou. Sodat ek in leer en lewe totaal en al en nie net in krisistye die Here kan eer en verheerlik.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit met ’n oorhoofse kyk na die manipulering van geloof. Eintlik is dit soveel tree terug in die geloof wanneer ons met hierdie dinge besig is. Regdeur die Bybel sien ons hoe die Here Homself meer en meer openbaar eerstens aan die Israeliete, maar later ook aan die ganse mensdom. Maar hierdie openbaring behels gedurig ’n veroordeling en terugroep van ’n afgodsweë. Want net soos vandag het die mense in die Bybel ook gedink, dat hulle sommer aanbiddingspraktyke van hulle bure kan toepas op die aanbidding van die Here.

Vandag het ons stil gestaan by die geloof soos ’n gelukbringer gebruik. Maar daar is natuurlik talle ander manier wat ook oorgeneem word van die wêreld. Ons kan ure daaraan wy. Maar die

belangrike bly dat die Here die manier waarop Hy wil vereer en aanbid word in Sy woord openbaar. Daarom moet ons in geloofspraktyke nie buite dit beweeg nie. Ook hier waar ons vanoggend deur middel van ’n ander platvorm bedien weens maatreëls. Ook hier en in hierdie tyd moet ek en my gesin nie afwyk van die gesonde leer nie. Die kerk van die Here moet in hierdie die baken van hoop bly. Maar ons kan dit net doen deur in die waarheid te bly.

Amen